# Universiteit van Pretoria Jaarboek 2017

## BAHons Visuele Studies (01240273)

| | |
|---|---|
| **Duur van studie** | 1 jaar |
| **Totale krediete** | 120 |
| **Kontak** | Prof AA du Preez amanda.dupreez@up.ac.za +27 (0)124203755 |

## Programinligting

Hierdie kwalifikasie bou voort op die grondslag wat gelê is in die voorgraadse program in Visuele Studies en sal aan studente die geleentheid bied om navorsing te onderneem, asook om ’n eie spesialiserings- en belangstellingsveld te ontwikkel. Laasgenoemde kan deur verdere nagraadse studie opgevolg word.

## Toelatingsvereistes

’n Toepaslike BA-graad met ’n gemiddelde van minstens 65%.

## Ander programspesifieke inligting

DRA 710 mag in oorleg met die programbestuurder gekies word.

# Kurrikulum: Finale jaar

**Minimum krediete: 120**

## Kernmodules

### Sleuteltekste in visuele kultuur 751 (VKK 751)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 40.00 |
| **Voorvereistes** | Aanbeveel: VKK 311 & VKK 321 |
| **Kontaktyd** | 3 lesings per week |
| **Onderrigtaal** | Aparte klasse vir Engels en Afrikaans |
| **Akademiese organisasie** | Visuele Kunste |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 1 |

**Module-inhoud**

Die module ondersoek die invloedrykste tekste en teoretiese raamwerke in die ontwikkeling van die veld van kultuurstudie, visuele kultuur, asook die "nuwe kuns-geskiedenis". Tekste van toonaangewende teoretici in die veld sal bestudeer word. Alle temas sal waar moontlik aan die hand van die Suid-Afrikaanse konteks behandel word.

### Metodes en tegnieke van navorsing 751 (KGK 751)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 10.00 |
| **Voorvereistes** | Geen voorvereistes. |
| **Kontaktyd** | 3 lesings per week |
| **Onderrigtaal** | Aparte klasse vir Engels en Afrikaans |
| **Akademiese organisasie** | Visuele Kunste |
| **Aanbiedingstydperk** | Kwartaal 1 |

**Module-inhoud**

Hierdie module bied inleiding tot metodologie. Toepassing word op kunsgeskiedenis en visuele kultuur gemaak soos toepaslik. Verskillende teoretiese benaderings tot navorsing in kunsgeskiedenis en visuele kultuur word belig. Klem word geplaas op fotografiese versamelings, geïllustreerde inventarisse, piktorale woordeboeke, uitstallingskatalogi, die internet en elektroniese multimediabronne as hulpmiddels vir navorsing.

### Navorsingsverslag: Visuele studies 755 (VKK 755)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 30.00 |
| **Voorvereistes** | Geen voorvereistes. |
| **Onderrigtaal** | Aparte klasse vir Engels en Afrikaans |
| **Akademiese organisasie** | Visuele Kunste |
| **Aanbiedingstydperk** | Jaar |

**Module-inhoud**

Studente moet ‘n navorsingsverslag oor goedgekeurde onderwerp indien.

## Keusemodules

### Kruis-media visuele en digitale kundigheid 756 (VKK 756)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 40.00 |
| **Voorvereistes** | Aanbeveel: VKK 322 |
| **Kontaktyd** | Geïntegreerde aanbiedingsplatform |
| **Onderrigtaal** | Afrikaans en Engels word in een klas gebruik |
| **Akademiese organisasie** | Visuele Kunste |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 2 |

**Module-inhoud**

Die module stel studente bloot aan die nuutste visuele en digitale navorsingsmetodes soos die gebruik van fotodagboeke, interaktiewe webdokumentêre, film- en videogrepe, sosialemedia-werwe, kartering, visualisering van data en ander multimodale vaardighede ten einde ? navorsingsportefeulje te kan saamstel wat aansluit by die onderwerp van hulle navorsingverslag (sien VKK 755). ? Drieledige ontleding word gevolg ten opsigte van die skep van beelde oor media heen, naamlik die plek van produksie, die beeld opsigself en die betekenisse wat in spesifieke sosiale kontekste aan die beeld verbind is.

### Visuele argivering en kuratorskap 757 (VKK 757)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 40.00 |
| **Voorvereistes** | Aanbeveel: VKK 322 |
| **Kontaktyd** | Geïntegreerde aanbiedingsplatform |
| **Onderrigtaal** | Afrikaans en Engels word in een klas gebruik |
| **Akademiese organisasie** | Visuele Kunste |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 2 |

**Module-inhoud**

Die module stel studente bloot aan die teorieë en praktyke van die visuele argief met ? spesifieke klem op die impak van die digitale op kuratorskap en argivering. Studente lê ? navorsingsportefeulje voor wat aansluit by die onderwerp van hulle navorsingverslag (sien VKK 755), met ? gekose kuratoriale benadering ten opsigte van ’n visuele argief wat film, plakkate, tydskrifte, koerante, televisie, video, visuele kuns, poskaarte, foto’s mag insluit. Die benadering mag e-kuratorskap of digitale kuratorskap insluit, asook ander tradisionele kuratoriale aktiwiteite en ‘ouer’ tegnologieë.

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word.. Die Algemene Regulasies (G Regulasies) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertroud met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die Algemene Reëls sal wees. Onkunde betrefffende hierdie regulasies en reels sal nie as ‘n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.